ERASA

Uithouritvereniging van Suid-Afrika

Grondwet

GRONDWET
VAN DIE UITHOURITVERENIGING VAN SUID-AFRIKA

REGISTER VAN WYSIGINGS

Artikel	Onderwerp	Datum van wysiging
6.3	Senior lede	Julie 2012
6.4	Junior lede	Julie 2012
6.5	Kinderlede	Julie 2012
6.8.5.1	Betaling van affiliasiegelde	Julie 2012
6.8.6	Vrywaring	Julie 2012
16.3	Indien van mosies	Julie 2012
Aanhangsel A	Vrywaring: lede (nuut)	Julie 2012
2.10	Definisie van provinsie	Julie 2013
2.14	Definisie van provinsie	Julie 2013
8	Organisasiestruktuur	Julie 2013
18	Provinsies	Julie 2013
20	Stigting van nuwe streke	Julie 2013
22	Stigting van nuwe klubs	Julie 2013
2.9	Uithouritjaar – 1 Januarie tot 31 Desember	Julie 2016
2.7	Samestelling van Raad	Julie 2017
2.1 tot 2.16	Wysig woordbepalings	Julie 2017
2.14	Vergadering	Julie 2017
6.3	Senior lede	Julie 2017
9.1.1.2 /9.1.2.2	Ampstermyn van president/visepresident	Julie 2017
9.2.1	Skrap internasionale komitee	Julie 2017
9.2.3.1	Nasionale keurkomitee	Julie 2017
9.2.5	Voeg by advieskomitee	Julie 2017
16.6	Kworum algemene jaarvergadering (AJV)	Julie 2017
17.5	Kworum spesiale algemene vergadering (SAV)	Julie 2017
18	Provinsies	Julie 2017
19	Streke	Julie 2017
20	Klubs	Julie 2017
25.1	Geskilbeslegting	Julie 2017
9.1.5.3	Termyn addisionele lede	Julie 2018
9.1.6	Atleetverteenwoordiger	Julie 2018
9.2.1.3	Ontwikkelingskomitee	Julie 2018
16.6	Provinsiale presidente stemreg AJV	Julie 2018
17.5	Stemreg SAV	Julie 2018
18.3	Stemreg provinsiale vergaderings	Julie 2018
9.5 – 9.5.15	Verkiesingsprosedure soos bepaal deur SAEF	Julie 2018

GRONDWET VAN DIE UITHOURITVERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Aanhangsel A: Vrywaring, vrywillige aanvaarding van risiko, instemming tot toets vir verbode middels en nood- veterinêre en/of mediese behandeling (lede)

1. NAAM

Die naam van die Vereniging is die **UITHOURITVERENIGING VAN SUID-AFRIKA (ERASA)**

2. WOORDBEPALINGS

In hierdie grondwet het die volgende woorde die betekenis soos hierna uiteengesit, tensy dit anders uit die sinsverband blyk. Woorde wat die enkelvoud aandui, sluit die meervoud in, en enige verwysing na die een geslag, sluit die ander geslag in.

2.1 Affiliasiegeld

Geld jaarliks deur lede aan die Vereniging betaalbaar, sowel as geld betaalbaar deur klubs (of lede van klubs) aan die provinsie waarby die betrokke klub geaffilieer is.

2.2 Ampsdraer

Enige lid van die Vereniging wat 'n amp in die Vereniging beklee en/of as beampte van die Vereniging optree.

2.3 Geakkrediteerde klub

'n Klub wat minstens drie agtereenvolgende amptelike uithouritte aangebied het tot tevredenheid van die bestuur van die provinsie waarby die klub geaffilieer is.

2.4 Jaar

Die begrip jaar verwys na 'n kalenderjaar wat op 1 Januarie begin en op 31 Desember van dieselfde jaar eindig, tensy anders aangedui.

2.5 Klub

'n Uithouritklub wat volgens hierdie grondwet en die bepalinge van die Raad funksioneer.

2.6 Lede

Opbetaalde lede van die Vereniging wie se besonderhede in die lederegister verskyn.

2.7 Raad

Lede van die Vereniging wat tot die Raad verkies, benoem of aangestel is in ooreenstemming met die grondwet van die Vereniging. Die Raad van ERASA sal uit die nasionale president, 'n visepresident, vier addisionele lede per nominasie deur lede verkies, 'n tesourier, 'n algemene bestuurder (sonder stemreg) en nege provinsiale presidente en atleetverteenwoordigers bestaan. Gekoöpteerde lede het nie stemreg nie.

2.8 Uithourit

'n Rit oor 'n vasgestelde afstand waartydens die uithouvermoë en fiksheid van perde getoets word volgens die bepalinge en onder die beskerming van die Vereniging.

2.9 Uithouritjaar

'n Uithouritjaar val saam met 'n normale kalender jaar, dit wil sê van 1 Januarie tot 31 Desember van 'n betrokke jaar.

2.10 Provinsie
'n Liggaam van een van die provinsies wat binne die geopolitieke grense soos bepaal deur die Grondwet van Suid-Afrika funksioneer en waarvan die grondwet deur die Raad goedgekeur is.

2.11 Verantwoordelike persoon
Die persoon verantwoordelik vir 'n perd wat aan 'n uithourit deelneem, en wat regtens aanspreeklik is vir alle aspekte rakende die betrokke perd. Dit sal altyd die ruiter wees wat met die betrokke perd aan die uithourit deelneem, maar die eienaar van die perd (indien die ruiter nie ook die eienaar is nie) kan, na gelang van omstandighede, saam met die ruiter as verantwoordelike persoon beskou word. Indien die ruiter jonger as 18 jaar oud is, sal sy of haar ouer of voog gesamentlik met die ruiter as verantwoordelike persoon beskou word.

2.12 Vereniging
Die Uithouritvereniging van Suid-Afrika

2.13 Vergadering
'n Bespreking wat volgens 'n formele sakelys plaasvind met die doel om besluite te neem. Lede van die vergadering kan fisies teenwoordig wees, of telefonies (verkieslik deur middel van 'n telefoonkonferensie). Wanneer verkiesings plaasvind, moet die stemgeregtigdes fisies teenwoordig wees.

2.14 SAEF
Suid-Afrikaanse Perdryfederasie (*South African Equestrian Federation*)

2.15 FEI
Fédération Equestre Internationale (Internasionale Perdryfederasie)

3. STATUS EN REGSBEVOEGDHEID VAN DIE VERENIGING

3.1 Die Vereniging is 'n vrywillige vereniging sonder winsoogmerk.

3.2 Die Vereniging is gestig ter nastrewing van die doelstellings soos in hierdie grondwet uiteengesit.

3.3 Die Vereniging is met die magte en bevoegdhede beklee soos in hierdie grondwet uiteengesit.

3.4 Die Vereniging is 'n regsentiteit wat onafhanklik van sy lede bestaan en is die selfstandige draer van regte en verpligtinge met ewigdurende opvolging.

3.5 Die Vereniging kan enige bates wat nodig is om sy doelstellings te bereik bekom, hou, verhandel, verhuur, huur, oor beskik en beswaar.

3.6 Die Vereniging is bevoeg om selfstandig enige regshandeling deur sy gemagtigde beamptes te verrig.

3.7 Die Vereniging sal geaffilieer wees by enige liggaam waarby affiliasie noodsaaklik is om die doelstellings van die Vereniging te bereik.

3.8 Die lede se aanspreeklikheid vir die Vereniging se verpligtinge is beperk tot die bedrag van 'n lid se onopbetaalde ledegeld, verskuldigde affiliasiegeld en enige ander bedrae aan die Vereniging verskuldig.

4. GESAG

Die Vereniging verwesentlik sy doelstellings hoofsaaklik binne die landsgrense van die Republiek van Suid-Afrika, en oefen sy magte en bevoegdhede teenoor alle lede van die Vereniging uit, ongeag waar hulle aan ritte deelneem.

5. DOELSTELLINGS

5.1 Om die uithouritsport as 'n amateursport onder alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika, onder beskerming van die SAEF en die FEI, waar van toepassing, te bevorder en te beheer.

5.2 Om uithouritte in Suid-Afrika, onder beskerming van die SAEF en die FEI, waar van toepassing, te koördineer en te standaardiseer en toe te sien dat die bepalinge van die grondwet en reëls van die Vereniging noulettend nagekom word.

5.3 Om uithouritte, onder beskerming van die SAEF en die FEI, waar van toepassing, na goeddunke aan te bied, in ooreenstemming met die bepalinge van hierdie grondwet.

5.4 Om na gelang van omstandighede, onder beskerming van die SAEF en die FEI, waar van toepassing, internasionale ritte aan te bied en om internasionale deelname aan uithouritte te bevorder.

5.5 Om spanne te kies vir deelname op alle vlakke teen ander spanne en om toepaslike kleure aan hierdie spanne toe te ken in ooreenstemming met die reëls en regulasies van die betrokke beheerliggame. Op beide nasionale en provinsiale vlak moet spanne deur die SAEF, die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (SASKOK) en die onderskeie provinsiale sportkonfederasies goedgekeur word.

5.6 Om lede en beamptes deurlopend op te lei en advies oor uithouritte, en ruiterskap in die algemeen, te gee.

5.7 Om toe te sien dat perde wat in uithouritte meeding, nie aan toestande en omstandighede blootgestel word wat nadelig vir hul welstand kan wees nie.

5.8 Om data oor uithouritte in te samel en van dié inligting rekord te hou, en om navorsing te bevorder.

5.9 Om geld in te samel ter bevordering van die doelstellings van die Vereniging, en om toepaslike erkenning en blootstelling aan persone en/of instansies te gee wat die Vereniging finansieel ondersteun.

5.10 Om aan lede van die Vereniging wat 'n besondere bydrae tot die sportsoort gelewer het of besondere prestasies behaal het, erkenning te gee binne die raamwerk soos in die reëls van die Vereniging uiteengesit.

5.11 Om ontwikkeling binne die uithouritsport te bevorder met die spesifieke doel om voorheen benadeelde persone by die sportsoort te betrek (hetsy as ruiters of ampsdraers).

5.12 Om toe te sien dat die grondwet van ERASA nie strydig met die grondwette van die SAEF en SASKOK of die Grondwet van Suid-Afrika is nie.

6. LIDMAATSKAP

6.1 Die Vereniging maak voorsiening vir vyf kategorieë van lidmaatskap, naamlik erelede, senior lede, junior lede, kinderlede en administratiewe lede.

6.2 Erelid

'n Erelid word lewenslank benoem, is van affiliasiegeld vrygestel, het volle stemreg en is vir enige posisie of amp verkiesbaar. Erelede kan soos volg benoem word:

6.2.1 Enige persoon wat as 'n mededinger deelgeneem het, die eienaar was van 'n perd wat deelgeneem het of as 'n beampte opgetree het tydens die 1974-, 1975-, 1976- en/ 1977-uithourit gehou op Fauresmith, Suid-Afrika, kwalifiseer as erelid in die stigterslidkategorie.

6.2.2 Die Raad kan enige persoon as erelid benoem.

6.3 Senior lid

'n Persoon is 'n senior lid vanaf die eerste dag van die kalenderjaar waarin hy of sy 18 jaar oud word. Senior lede het volle stemreg, maar slegs vanaf die dag van hul agtiende verjaarsdag, en is vir enige posisie of amp verkiesbaar.

6.4 Junior lid

'n Persoon is 'n junior lid vanaf die eerste dag van die kalenderjaar waarin hy of sy 14 jaar oud word tot en met die einde van die kalenderjaar waarin hy of sy 17 jaar oud word. Junior lede het nie stemreg nie en is nie tot besture en as ampsdraers of beamptes verkiesbaar nie. *

6.5 Kinderlid

'n Persoon is 'n kinderlid vanaf die eerste dag van die kalenderjaar waarin hy of sy tien jaar oud word tot en met die einde van die kalenderjaar waarin hy of sy 13 jaar oud word. Kinderlede het nie stemreg nie en is nie tot besture en as ampsdraers of beamptes verkiesbaar nie.

6.6 Administratiewe lid

'n Persoon wat nie as ruiter aan uithouritte deelneem nie, maar wel as beampte by ritte optree of as bestuurslid (op enige vlak) dien. Hierdie lede betaal verminderde affiliasiegeld soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

6.7 Aansoek om lidmaatskap

6.7.1 Senior lede doen aansoek om lidmaatskap op die voorgeskrewe lidmaatskapvorm wat saam met die voorgeskrewe geld by die klubbestuur van die klub van hulle keuse ingedien moet word in die provinsie waar hulle domicilium gesetel is.

6.7.2 Junior lede en kinderlede (bygestaan deur 'n ouer of voog) doen aansoek om lidmaatskap op die voorgeskrewe lidmaatskapvorm wat saam met die voorgeskrewe geld by die klubbestuur van die klub van hulle keuse ingedien moet word in die provinsie waar hulle domicilium gesetel is.

---

* "Jong ruiters" is nie 'n lidmaatskapskategorie nie, maar slegs 'n deelnamekategorie en word in die reëls omskryf.

6.7.3 Administratiewe lede doen aansoek om lidmaatskap op die voorgeskrewe lidmaatskapvorm wat saam met die voorgeskrewe geld by die klubbestuur van die klub van hulle keuse ingedien moet word in die provinsie waar hulle domicilium gesetel is.

6.7.4 Aansoeke om lidmaatskap word deur die betrokke klubbestuur oorweeg. Lidmaatskap kan geweier word indien die aansoeker se gedrag strydig met die gedragskode van die Vereniging is.

6.8 Bykomende bepalinge met betrekking tot lidmaatskap

6.8.1 Alle lede van die Vereniging is onderworpe aan al die bepalinge van die grondwet en reëls van ERASA en die SAEF soos van tyd tot tyd gewysig. Alle lede moet jaarliks geregistreerde lede van die SAEF wees.

6.8.2 Lidmaatskap is beperk tot die ruiter. Perde het geen lidmaatskap of konstitusionele regte nie.

6.8.3 'n Persoon mag slegs by een klub aansluit wat by ERASA geaffilieer is, mag slegs op daardie klub se bestuur dien, en slegs dien op die bestuur van die provinsie waar die genoemde klub geaffilieer is.

6.8.4 Affiliasie by ERASA kan teen verminderde geld volgens die Raad se oordeel toegestaan word. Lede kan ook volgens die Raad se oordeel van die betaling van affiliasiegeld vrygestel word.

6.8.5 Affiliasiegeld aan die Vereniging betaalbaar, word jaarliks deur die Raad bepaal en by die algemene jaarvergadering (AJV) bekend gemaak.

6.8.5.1 Lede se affiliasiegeld aan die Vereniging vir die daaropvolgende jaar is op 1 Desember van die voorafgaande jaar betaalbaar, moet deur die klubbestuur ingevorder en aan die Vereniging oorbetaal word, en is nie terugbetaalbaar nie.

6.8.5.2 Slegs opbetaalde lede is stemgeregtig op die Vereniging se vergaderings en tot besture van die Vereniging verkiesbaar.

6.8.6 Alle lede moet jaarliks die vrywaring, vrywillige aanvaarding van risiko en instemming tot toets vir verbode middels en nood- veterinêre en mediese behandeling (kyk aanhangsel A) invul en onderteken. Met betrekking tot junior en kinderlede moet die vorm deur 'n wettige voog mede-onderteken word. Die ondertekende dokumente moet deur die klub by die algemene bestuurder ingedien word. Die algemene bestuurder moet verseker dat 'n getekende dokument vir elke lid ontvang word, en moet die dokumente liasseer. Lede sal slegs by ERASA geaffilieer word by ontvangs van die ondertekende vorm.

6.9 Beëindiging van lidmaatskap

6.9.1 'n Lid kan te eniger tyd uit die Vereniging bedank. Bedanking geskied via die klub waaraan 'n lid behoort.

6.9.2 Lidmaatskap kan deur die Vereniging (via die Raad of lid se klub of provinsie) teruggetrek word:

6.9.2.1 wanneer 'n lid in gebreke bly om uitstaande gelde te betaal binne 60 dae nadat 'n aanmaning deur die tesourier van die klub of provinsie by wyse van 'n geregistreerde brief of per hand afgelewer of elektronies aan hom of haar gestuur is; of

6.9.2.2 as deel van dissiplinêre optrede teen 'n lid.

7. LEDEREGISTER

7.1 Lederegister

7.1.1 Die algemene bestuurder van die Vereniging hou 'n register van die persoonlike besonderhede (met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, die klubnommer, naam, adres, identiteitsnommer, e-posadres en telefoonnommers) van elke lid by.

7.1.2 Die sekretarisse van klubbesture is verplig om:

7.1.2.1 die inligting van lede wat vir twaalf maande affilieer jaarliks vóór 'n datum soos deur die Raad bepaal aan die algemene bestuurder van die Vereniging deur te gee; en

7.1.2.2 die inligting ten opsigte van nuwe lede onmiddellik aan die algemene bestuurder van die Vereniging deur te gee.

7.2 Klubkode en lidnommers

7.2.1 Die algemene bestuurder van die Vereniging ken 'n klubkode aan elke klub toe.

7.2.2 Lidnommers word deur die algemene bestuurder van die Vereniging aan lede toegeken. Hierdie lidnommer word aan die identiteitsnommer van die betrokke lid gekoppel, en verander nooit gedurende die lid se affiliasie by die Vereniging nie. Lidnommers mag nie hertoegeken word wanneer die betrokke lid bedank of afsterf nie.

8. ORGANISASIESTRUKTUUR VAN DIE VERENIGING

8.1 Die organisasiestruktuur van die Uithouritvereniging van Suid-Afrika maak voorsiening vir:

8.1.1 'n AJV as hoogste gesag van die Vereniging. Alle ander liggame van die Vereniging, hetsy op nasionale, provinsiale of klubvlak, en alle beamptes en lede, is verantwoording verskuldig aan en gebind deur die besluite van die AJV.

8.1.2 'n raad wat uithouritaangeleenthede op nasionale vlak koördineer, die sportsoort in die algemeen bestuur, en oorkoepelend vir die bereiking van die Vereniging se doelstellings verantwoordelik is. Alle provinsies en klubs val onder die breë gesag van die Raad.

8.1.3 'n aantal provinsies wat uithouritaangeleenthede op provinsiale vlak koördineer.

8.1.4 'n aantal klubs wat uithouritaangeleenthede op klubvlak koördineer.

9. BESTUURSTRUKTUUR VAN DIE RAAD

Die bestuurstruktuur van die Raad bestaan uit die volgende:

9.1 Raadslede

9.1.1 President (een stem plus beslissende stem)

9.1.1.1 Die president word per geslote stembrief deur 'n meerderheidstem van die provinsiale presidente tydens die AJV verkies.

9.1.1.2 Die ampstermyn van die president begin op die dag van die verkiesing.

9.1.1.3 Die president se ampstermyn sal drie jaar wees, en hy of sy kan vir 'n maksimum van twee aaneenlopende termyne dien.

9.1.1.4 Indien die president gedurende sy of haar ampstermyn bedank, sal die visepresident as president waarneem tot en met 'n spesiale algemene vergadering (SAV) waar 'n nuwe president verkies sal word.

9.1.1.5 Die president sal gedurende sy of haar ampstermyn daarvoor verantwoordelik wees om die Vereniging tot doelbereiking te lei, en is verantwoordelik vir skakeling met ander verenigings en/of organisasies wat by die bestuur en koördinering van uithouritte betrokke is.

9.1.1.6 Die president kan nie as die voorsitter of keurder van die nasionale keurkomitee optree nie.

9.1.1.7 Die presidente van die onderskeie provinsies, of hul gevolmagtigde verteenwoordigers, verteenwoordig die lede van die betrokke provinsie op die Raad, en moet na die belange van hierdie lede omsien sonder om die breër belang van die sportsoort in sy geheel daardeur te benadeel. Hulle moet ook die lede van die provinsie op hoogte hou van verwikkelinge in die sportsoort en raadsbesluite aan die lede oordra.

9.1.2 Visepresident (een stem)

9.1.2.1 Die visepresident word per geslote stembrief deur 'n meerderheidstem van die provinsiale presidente tydens die AJV verkies.

9.1.2.2 Die ampstermyn van die visepresident begin op die dag van die verkiesing.

9.1.2.3 Die visepresident se ampstermyn is drie jaar, en hy of sy kan vir 'n maksimum van twee aaneenlopende termyne dien.

9.1.2.4 Indien die visepresident tydens 'n SAV tot president verkies word, sal 'n nuwe visepresident verkies word wat dan sal slegs vir die oorblywende termyn van die uittredende visepresident dien: met dien verstande dat hierdie persoon daarna steeds vir twee volle termyne verkies kan word.

9.1.2.5 Indien die visepresident gedurende sy of haar ampstermyn bedank, sal 'n nuwe visepresident verkies word soos in klousule 9.1.2.4 van die grondwet bepaal.

9.1.2.6 Die visepresident neem vir die president waar wanneer laasgenoemde nie beskikbaar is nie.

9.1.2.7 Die visepresident tree as voorsitter van die nasionale keurkomitee op, maar het geen stemreg betreffende keuring van enige ruiter nie en tree slegs as koördineerder op en is daarvoor verantwoordelik dat notules van alle keuringsvergaderings gehou word.

9.1.3 Tesourier (een stem)

9.1.3.1 Indien die tesourier geen vergoeding ontvang nie, word hy of sy tydens die AJV volgens die nominasieproses deur die nege provinsiale presidente verkies. Die tesourier moet ten minste vyf jaar finansiële ervaring hê.

9.1.3.2 Die ampstermyn van die tesourier begin op die eerste dag ná aanstelling en sal vir 'n tydperk van drie jaar duur. Hy of sy kan vir 'n tweede termyn verkies word. Die uittredende tesourier moet binne redelike tyd (nie langer nie as ses weke) alle aspekte rakende die pos aan die inkomende tesourier oorgee.

9.1.3.3 Die tesourier is die finansiële bestuurder van die Vereniging en oorkoepelend daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat die Vereniging se boeke en rekeninge gehou word, die begroting jaarliks in samewerking met die algemene bestuurder en ander raadslede opgestel word, belastingaspekte hanteer word, die finansies van die Vereniging in ooreenstemming met raad- en dagbestuursbesluite bestuur word, en 'n bateregister by te hou waarin alle bates van die Vereniging opgeteken word. Hierdie take word in noue samewerking met die Vereniging se algemene bestuurder uitgevoer.

9.1.4 Vier addisionele lede (een stem elk)

9.1.4.1 Elke jaar word addisionele lede per geslote stembrief deur 'n meerderheidstem van die lede op die AJV verkies.

9.1.4.2 Die ampstermyn van dié addisionele lede begin onmiddellik ná die verkiesing.

9.1.4.3 Addisionele lede dien vir 'n termyn van drie jaar met geen beperking op die aantal termyne nie. Indien 'n addisionele lid gedurende sy of haar termyn op die AJV in 'n ander pos verkies sou word, sal 'n nuwe addisionele lid verkies word wat dan slegs vir die oorblywende termyn van die uittredende addisionele lid sal dien.

9.1.4.4 Indien 'n addisionele lid gedurende sy of haar ampstermyn bedank, kan die Raad enige lid van die Vereniging in die vakante pos koöpteer. Die gekoöpteerde lid sal sonder stemreg vir die oorblywende gedeelte van die betrokke ampstermyn dien.

9.1.4.5 Addisionele lede het geen spesifieke portefeuljes nie, maar kan deur die Raad as voorsitters van staande en/of ad hoc-komitees aangewys word.

9.1.5 Atleetverteenwoordiger (een stem)
'n Persoon wat 'n lid van ERASA is en aktief aan uithouritte deelneem en wat jaarliks tydens die AJV verkies word om die atlete wat uithouritsport beoefen binne die geografiese grense van die RSA te verteenwoordig.

9.1.6 Lid van geassosieerde lede (een stem)

9.2 Staande komitees

Die Raad sal 'n duidelike mandaat aan elke komitee uitreik, en die betrokke komitee moet opdragte binne die bepalinge van hierdie mandaat uitvoer. Voorsitters van staande komitees rapporteer aan die Raad en kan genooi word om raadsvergaderings (sonder stemreg) by te woon soos die Raad dit nodig ag.

9.2.1 Ontwikkelingskomitee

9.2.1.1 Die ontwikkelingskomitee word uit 'n verteenwoordiger uit elk van die nege provinsies saamgestel en die voorsitter van dié komitee word uit eie geledere verkies.

9.2.1.2 Die ontwikkelingskomitee moet die ontwikkelingstrategie opstel, vir goedkeuring aan die Raad voorlê, en ná goedkeuring uitvoer. Hierdie strategie het ten doel om voorheen benadeelde persone by die sportsoort te betrek (hetsy as ruiters of ampsdraers) en om finansiering spesifiek vir hierdie doel te werf.

9.2.1.3 Die voorsitter van die ontwikkelingskomitee sal as spreekbuis (transformasie en ontwikkelingsbeampte) van ERASA optree by die federasies waarby ERASA geaffilieer is.

9.2.2 Nasionale keurkomitee

9.2.2.1 Die visepresident van die Vereniging is die sameroeper van die keurkomitee en het geen stemreg tydens keuring nie. Die sameroeper het slegs 'n beslissende stem indien daar 'n staking van stemme is. Die komitee (met die uitsondering van die algemene bestuurder het elke lid van die komitee volle stemreg) bestaan verder uit:

- een verteenwoordiger uit elke provinsie (soos deur die betrokke provinsie aangewys, en nie noodwendig dieselfde persoon wat die provinsie op die Raad verteenwoordig nie)
- die spanbestuurder van die betrokke span
- die afrigter van die betrokke span (indien 'n afrigter aangewys is)
- die spanveearts van die betrokke span (indien 'n spanveearts aangewys is)
- die algemene bestuurder wat as sekretaris (sonder stemreg) van die komitee optree.

9.2.2.2 Die nasionale keurkomitee behartig die keuring van alle SA nasionale spanne en SA ontwikkelings- en federasiespanne.

9.2.3 Veterinêre uithouritbelangegroep (sonder stemreg op Raad)

9.2.3.1 Die veterinêre uithouritbelangegroep is 'n groepering waarvan alle geakkrediteerde veeartse van die Vereniging lid is.

9.2.3.2 Dié groep word deur 'n komitee (verkies deur groepslede) bestuur waarvan die voorsitter as raadsveearts dien en namens dié groep aan die Raad verslag doen. Die aanstelling moet deur die Raad bekragtig word. Die ampstermyn van die raadsveearts begin op die dag ná die raadsvergadering waarop die aanstelling bekragtig is, en strek vir 'n periode soos deur die veterinêre uithouritbelangegroep bepaal word.

9.2.3.3 Die groep se verantwoordelikhede word deur die Raad bepaal. Dit sluit alle aspekte rakende veeartsenykunde (met inbegrip van veterinêre reëls en reëls rakende die aanwending van veeartse as beamptes, wysigings waarvan deur die Raad goedgekeur moet word), die gebruik van verbode middels, die koördinering van opleiding van veeartse met betrekking tot uithouritaspekte en die welstand van perde in. Die groep moet aan die vereistes soos bepaal deur die FEI rakende verbode middels en ander middels, sowel as veeartseny-optrede en -regulasies van die SAEF, voldoen.

9.2.4 Ritmeestersgroep (sonder stemreg op Raad)

9.2.4.1 Die ritmeestersgroep is 'n groepering waarvan alle geakkrediteerde ritmeesters van die Vereniging lede is.

9.2.4.2 Die groep word deur 'n komitee (verkies deur die lede van dié groep) bestuur waarvan die voorsitter as raadsritmeester dien en namens dié groep aan die Raad verslag doen. Die Raad moet die aanstelling bekragtig. Die ampstermyn van die raadsritmeester begin op die dag ná die raadsvergadering waarop die aanstelling bekragtig is, en strek vir 'n periode soos deur die ritmeestersgroep bepaal.

9.2.4.3 Die groep se verantwoordelikhede word deur die Raad bepaal. Dit sluit in die hersiening van die reëls rakende ritte, ruiters, perde en beamptes (buiten veeartse), vir goedkeuring deur die Raad, die koördinering van opleiding van beamptes en lede oor die algemeen en die inspeksie van bane en roetes.

9.2.5 Advieskomitee

9.2.5.1 Die voorsitter van die advieskomitee is 'n lid van die ERASA-raad en word deur dié raad aangewys. Die voorsitter dien ook as internasionale skakel vir perde en ruiters vir internasionale deelname. Die spanbestuurders van die nasionale spanne dien op die advieskomitee. Lede uit die verskillende provinsies kan ook tot die advieskomitee benoem word.

9.2.5.2 Die advieskomitee behartig die identifisering van ruiter-perd-kombinasies volgens vooraf bepaalde kriteria, en die samestelling van 'n lys van perde en ruiters in 'n spesifieke rangorde. Dit geld vir alle internasionale, nasionale en provinsiale ontwikkelingspanne. Die advieskomitee kan van tyd tot tyd aanbevelings tot voordeel van die uithouritsport vir oorweging aan die raad van ERASA voorlê.

9.2.5.3 Die nasionale keurkomitee verkies die spanne nadat die advieskomitee se aanbevelings oorweeg is.

9.2.6 Regskomitee

9.2.6.1 Die Raad stel die lede van die regskomitee (regs-, dissiplinêre en etiese aspekte en appèlle) aan en delegeer alle magte aan dié komitee om in te sluit, maar nie uit te sluit nie:

9.2.6.1.1 om die Raad met alle regsaspekte by te staan, met inbegrip van ondersoeke en verhore.

9.2.6.1.2 om 'n gedragskode vir beide lede en die Raad, soos aanvaar deur die nasionale komitee, op te stel en deurlopend by te werk.

9.2.6.1.3 om die grieweprosedures soos deur die nasionale komitee aanvaar, op te stel en by te werk.

9.2.6.1.4 om interne appèlle deur enige lid, provinsiale vereniging of enige ander komitee van ERASA aan te hoor.

9.2.6.1.5 om enige aangeleentheid wat onder die regskomitee se bevoegdheid val, sowel as die tersaaklike beslissings ingevolge hulle magte, in enige geskil en/of dissiplinêre geval van watter aard ook al, met inbegrip van besluite aangaande nasionale keuring, aan te hoor.

9.2.6.1.6 om te beslis, te medieer en te arbitreer betreffende regsaspekte.

9.2.6.1.7 om 'n deposito te vereis vir enige aangeleentheid wat na die regskomitee verwys word deur 'n subkomitee of provinsiale vereniging of individu, welke bedrag van tyd tot tyd deur die regskomitee bepaal sal word, en deur die Raad goedgekeur word.

9.2.6.2 Die regskomitee sal uit drie lede saamgestel word van wie minstens een 'n regsagtergrond moet hê. Die voorsitter van dié komitee word deur die komiteelede aangewys.

9.2.6.3 Elke komiteelid sal een stem tydens vergaderings en verhore hê.

9.2.6.4 Dié komitee kan van tyd tot tyd lede koöpteer om dit met 'n spesifieke regsaangeleentheid of dispuut by te staan.

9.2.6.5 Enige party wat gegrief voel oor 'n besluit van die regskomitee kan 'n appèl tot die SAEF rig, wie se besluit finaal sal wees: met dien verstande dat 'n versoek tot appèl eers binne 21 dae van die regskomitee ontvang moet word. Die regskomitee sal die nodige diskresionêre appèl toestaan indien die geval van uiterste belang is vir die betrokke partye en die verwysing nie op ligsinnigheid of kwelsugtigheid gegrond is nie.
In die afwesigheid van verlof tot appèl sal die besluit van die regskomitee finaal en bindend wees.

9.3 Ad hoc-komitees

Dié komitees word benoem na gelang van behoefte en omstandighede. Die Raad sal aan elke ad hoc-komitee 'n duidelike mandaat uitreik en die betrokke komitee moet opdragte binne die bepalinge van hierdie mandaat uitvoer. Voorsitters van ad hoc-komitees rapporteer aan die Raad en kan deur die Raad genooi word om raadsvergaderings (sonder stemreg) by te woon soos die Raad dit nodig ag.

9.4 **Sekretariaat**
Dit is beamptes en/of konsultante wat na behoefte deur die Raad aangewys word, met pligte soos vervat in pligtestate deur die Raad goedgekeur en uitgereik.

9.5 Die verkiesing van die president, visepresident, tesourier en ander lede van die dagbestuur, sal plaasvind volgens die verkiesingsprosedure soos deur die SAEF bepaal.

9.5.1 Verkiesings vir die verkose poste wat vir 'n termyn van drie jaar sal wees, sal tydens die AJV plaasvind. Dié verkiesings word waargeneem deur die verkiesingsbeampte wat deur die uittredende dagbestuur aangestel word, en hy of sy sal 'n lid van die nasionale SAEF uitvoerende komitee wees.

9.5.2 Elke lid is geregtig om een individu vir verkiesing vir elk van die vakante poste te nomineer.

9.5.3 Elke nominasie sal skriftelik wees, en sodanige nominasie sal deur die nomineerder, die voorsitter of visevoorsitter onderteken en gesekondeer word. Die nominasie sal deur die genomineerde onderteken word om aan te dui dat hy of sy dit aanvaar.

9.5.4 Dit is toelaatbaar dat dieselfde persoon vir meer as een amp/pos genomineer word. Die nominasie vir enige alternatiewe pos is op voorwaarde dat hy of sy nie verkies word tot die eerste pos waarvoor hy of sy genomineer is nie.

9.5.5 Die algemene bestuurder sal die lede skriftelik in kennis stel van die datum van die AJV en verkiesing nie minder nie as 60 dae voor sodanige vergadering en die volgende inligting verskaf:

9.5.5.1 Die datum en plek.
9.5.5.2 Die naam van die aangewese verkiesingsbeampte.
9.5.5.3 'n Uittreksel van die bepalings van die grondwet wat relevant is vir die verkiesing.

9.5.6 Alle skriftelike nominasies moet nie minder nie as 30 dae voor die datum van die verkiesing aan die verkiesingsbeampte voorgelê word.

9.5.7 Die verkiesingsbeampte maak die lys van die nominasies wat ontvang is nie minder nie as 25 dae voor die verkiesingsdatum bekend, met enige kommentaar wat die verkiesingsbeampte wil lewer ten opsigte van die nominasies, met betrekking tot die geldigheid of andersins van sodanige skriftelike nominasies.

9.5.8 Indien geen nominasies vir die verkiesing van die president ontvang word nie, sal die huidige president in diens bly tot die eerste vergadering van die nuwe dagbestuur ná die AJV, waartydens die verkose lede van die nuwe dagbestuur uit hul geledere 'n individu as die president sal kies. Voorts sal die vakante pos op die dagbestuur wat as gevolg van dié aanstelling ontstaan, gevul word uit die geledere van 'n onsuksesvolle genomineerde tydens die verkiesing van die nasionale raad. Dieselfde geld mutatis mutandis as daar geen

nominasies vir die posisies van visepresident en tesourier is nie of as daar 'n posisie is wat nie by die verkiesings gevul kon word nie.

9.5.9 Indien meer as een nominasie vir enige van die poste van president, visepresident en tesourier ontvang word, word sulke poste afsonderlik deur geheime stemming in die voormelde volgorde verkies.

9.5.10 Die genomineerde wat suksesvol verkies word by wyse van 'n meerderheidstem, word in die pos aangestel. Die onsuksesvolle genomineerde sal nie na ander posisies oorgedra word nie tensy hy of sy behoorlik vir daardie posisies genomineer is.

9.5.11 Verkiesing sal deur 'n meerderheid van die stemme wees.

9.5.12 Elke persoon wat stem, moet 'n stem vir een van die genomineerde kandidate uitoefen.

9.5.13 Enige verkose lid van die dagbestuur sal die amp vir 'n tydperk van drie jaar (tot die datum van die volgende verkiesing) beklee, tensy hy of sy bedank of uit sy of haar amp onthef word op grond van 'n onbetroubaarheidsbeginsel wat deur die provinsiale raad met minstens 'n tweederdemeerderheid aanvaar is, of sterf, of permanent ongeskik raak voor die verstryking van sy of haar termyn.

9.5.14 Geen lid van die dagbestuur sal enige lid van enige klassifikasie verteenwoordig op enige vergadering van die Raad of dagbestuur nie.

9.5.15 Geen lid van die uitvoerende raad sal enige konflik van belange hê nie.

10. DAGBESTUUR

10.1 Die dagbestuur sal uit 'n minimum van sewe raadslede bestaan, synde:

- President
- Visepresident
- Vier verkose addisionele raadslede soos verkies tydens die AJV
- Tesourier
- Atleetverteenwoordiger
- Lid van veeartskomitee (sonder stemreg)
- Algemene bestuurder (sekretaris) (sonder stemreg)

10.2 Enige lid/lede van die Vereniging kan op die dagbestuur gekoöpteer word na gelang van behoefte en omstandighede, maar sonder stemreg.

11. VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE RAAD

11.1 Die Raad doen verantwoording aan die AJV.

11.2 Die Raad is oorkoepelend verantwoordelik vir die bereiking van die Vereniging se doelstellings (soos in artikel 5 van hierdie grondwet uiteengesit) op nasionale, provinsiale, streek- en klubvlak.

11.3 Die Raad hanteer hoofsaaklik (maar nie beperk tot nie):

11.3.1 sake van 'n strategiese aard;

11.3.2 daarstel van reëls vir die bedryf van die sport wat aan die nasionale vergadering vir goedkeuring voorgelê moet word;

11.3.3 sake wat deur die dagbestuur na die volle Raad verwys word;

11.3.4 goedkeuring van die jaarlikse begroting;

11.3.5 goedkeuring van die dagbestuur se besluite;

11.3.6 sien toe dat komitees binne hul mandaat optree.

12. VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE DAGBESTUUR

12.1 Die dagbestuur neem bedryfsbesluite en doen verantwoording aan die Raad.

12.2 Die dagbestuur sal die volgende aspekte hanteer:

12.2.1 administratiewe aangeleenthede rakende die bestuur van die Vereniging en die uithouritsport;

12.2.2 sake wat dringend aandag verg en nie tot die volgende raadsvergadering kan oorstaan nie;

12.2.3 sake wat nie die aandag van die volle Raad verg nie;

12.2.4 goedkeuring van die besteding van fondse (alle magtigings moet akkuraat genotuleer word); en

12.2.5 goedkeuring van die reëls rakende die dissiplinêre kode en prosedures, en reëls rakende erkenning en toekennings (vir goedkeuring deur die Raad).

12.3 Waar die dagbestuur van mening is dat 'n spesifieke aangeleentheid die aandag van die volle Raad verg, word dit na die Raad verwys.

12.4 Besluite van die dagbestuur is onmiddellik van krag, en moet geneem word in die konteks van die:

- begroting soos deur die Raad goedgekeur; en
- breër strategie van die Vereniging soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

12.5 Die dagbestuur moet oor al sy besluite aan die Raad verantwoording doen. Die Raad kan besluite van die dagbestuur slegs tersyde stel indien:

- dit nie binne die konteks van die grondwet en reëls van die Vereniging geneem is nie;
- die bepalinge van 12.4 hierbo nie nagekom is nie; en
- bykomende inligting intussen bekom is wat die saak in 'n ander perspektief plaas.

13. RAADS- EN DAGBESTUURSVERGADERINGS

13.1 Die Raad vergader gereeld maar minstens twee maal per jaar ten einde behoorlike bestuur en administrasie van die Vereniging te verseker.

13.2 Die dagbestuur sal met reëlmatige tussenposes tussen volle raadsvergaderings vergader.

13.3 Kennisgewings en sakelyste van raad- en dagbestuursvergaderings moet lede minstens 14 dae voor die vergaderdatum bereik.

13.4 Die kworum vir gewone raadsvergaderings bestaan uit minstens 50% van die lede plus een. Die kworum vir dagbestuursvergaderings is minstens 50% plus een van die vaste lede.

13.5 By alle raads- en dagbestuursvergaderings het alle lede van die Raad wat teenwoordig is spreekstem en stemreg. Geen volmagstemme word toegelaat nie.

13.6 By 'n staking van stemme het die voorsitter van die vergadering die beslissende stem.

13.7 Die algemene bestuurder van ERASA tree as sekretaris by alle raad- en dagbestuursvergaderings op, en hou notule van elke vergadering. Notules word by die daaropvolgende vergadering vir bekragtiging voorgelê. Ná bekragtiging moet die notule deur die voorsitter van die vergadering onderteken word. Notules moet lede van die vergadering binne 21 dae ná afloop van die vergadering bereik. Die notule van dagbestuursvergaderings word verder ook binne dieselfde tydperk vir kennisname aan alle raadslede versprei.

13.8 Ten minste 50% plus een raadslid kan, in oorleg met die president, 'n vergadering van die dagbestuur aanvra.

13.9 Wanneer dringende besluite oor enkel sake geneem moet word, kan dit gedoen word deur die mening van elke raads- of dagbestuurslid op individuele basis of per e-pos in te win. Skype of 'n soortgelyke medium kan ook gebruik word indien opnames gestoor word.

13.9.1 Wanneer menings ingewin word, moet dit vir rekorddoeleindes skriftelik (hetsy deur middel van 'n afskrif of 'n e-posboodskap waarvan 'n harde kopie gedruk word) aan die algemene bestuurder gestuur word. Alle insette/menings word dan na alle raad- of dagbestuurslede versprei voordat 'n finale besluit (op grond van stemme deur alle raad- of dagbestuurslede uitgebring) geneem word.

13.9.2 Sake kan ook direk tot stemming gebring word deurdat elke raads- of dagbestuurslid sy of haar stem oor die aangeleentheid uitbring.

13.10 Die algemene bestuurder moet 'n register byhou waarin alle besluite wat telefonies, elektronies of deur middel van individuele terugvoer geneem is, aangeteken word. Hierdie register moet op die eersvolgende dagbestuur- of raadsvergadering (na gelang van die vlak van besluitneming) vir bekragtiging voorgelê word.

14. SPESIALE RAADSVERGADERINGS

14.1 Op versoek (skriftelik by die algemene bestuurder van die Raad ingedien) van minstens 50% plus een van lede van die Raad kan 'n spesiale raadsvergadering belê word.

14.2 Kennis van die vergadering en die sakelys word minstens 14 dae voor die vergadering aan alle lede van die Raad gestuur.

14.3 Die kworum van 'n spesiale raadsvergadering is 50% plus een stemgeregtigde lede. Indien slegs aan hierdie minimum vereiste voldoen word, kan slegs die saak of sake waarvoor die vergadering belê is, bespreek word.

14.4 Slegs die besprekingspunte op die agenda van 'n spesiale raadsvergadering sal bespreek word.

15. FINANSIES EN BATES VAN DIE RAAD

15.1 Lede van die Vereniging het geen aanspraak op enige bates in besit van die Vereniging nie.

15.2 Die Raad genereer inkomste by wyse van affiliasiegeld, skenkings, borge en so meer.

15.3 Die Raad se finansies word uitsluitlik ter bevordering van die doelstellings van die Vereniging aangewend.

15.4 Indien dienste teen vergoeding gelewer word, sal 'n realistiese en markverwante vergoeding vir die dienste wat gelewer is, betaal word. Lede mag verder net geld ontvang as terugbetaling vir uitgawes wat (met vooraf goedkeuring) deur hulle namens die Vereniging aangegaan is.

15.5 Boekhouding van die Raad se finansiële sake geskied stiptelik en korrek en word jaarliks aan nasiening onderwerp. 'n Rekenmeestersverslag word jaarliks vir kennisname en besluitneming aan die AJV voorgelê.

15.6 Die Vereniging se finansiële state en verslae moet jaarliks aan die Direktoraat: Organisasies sonder Winsmotief (Departement Maatskaplike Ontwikkeling) voorgelê word binne ses maande ná afloop van die Vereniging se boekjaar. Aansoek om lidmaatskap sowel as finansiële state moet jaarliks aan die SAEF gelewer word.

15.7 'n Belastingopgawe moet jaarliks teen die neergelegde sperdatum by die Ontvanger van Inkomste ingedien word.

15.8 Tekenmagte met die oog op uitbetaling van geld setel by die tesourier, die algemene bestuurder, die president en die visepresident. Minstens twee handtekeninge moet op alle uitbetalingsdokumente verskyn.

15.9 Die boekjaar van die Raad strek vanaf 1 Januarie tot 31 Desember.

15.10 Indien die Vereniging geld het wat belê kan word, mag dit slegs by geregistreerde finansiële diensverskaffers belê word (soos gelys in artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings, 1984), of in aandele wat op 'n gelisensieerde effektebeurs gelys word (soos in die Wet op Beheer van Aandelebeurse, 1985, uiteengesit).

16. ALGEMENE JAARVERGADERING

16.1 'n AJV (algemene vergadering van lede) word minstens een keer per jaar gehou om sake van algemene belang te bespreek, verslagdoening goed te keur en tersaaklike besluite te neem.

16.2 Kennis van die AJV geskied skriftelik deur die algemene bestuurder aan alle lede van die Vereniging minstens 30 dae vóór die datum van die vergadering.

16.3 Agendapunte en mosies vir bespreking tydens die AJV kan deur lede, klubs, provinsies of die Raad ingedien word, onderworpe aan die volgende:

16.3.1 Dit moet die algemene bestuurder jaarliks teen 31 Mei bereik.

16.3.2 Alle ledemosies word eers vir goedkeuring aan die klub- en provinsiale bestuur voorgelê voordat dit deur die provinsie by die algemene bestuurder ingedien word vir opname in die agenda van die AJV. Mosies wat deur klubs geïnisieer word, word eweneens aan provinsiale besture vir goedkeuring en verdere hantering voorgelê.

16.3.3 Indien 'n mosie op klub- of provinsiale vlak afgekeur word, kan na die president van ERASA vir arbitrasie geappelleer word.

16.3.4 Mosies wat deur die AJV verwerp word, word nie weer in die agenda van die eersvolgende AJV opgeneem nie.

16.4 Die president (in sy of haar afwesigheid die visepresident) van die Vereniging sit voor tydens AJV's. Indien beide afwesig is, kies die vergadering 'n voorsitter uit eie geledere.

16.5 Die algemene bestuurder neem notule van die vergadering en lê dit vir bekragtiging aan die daaropvolgende vergadering voor.

16.6 Tydens die AJV sal slegs die provinsiale presidente 'n stem vir die verkiesing van vakante poste kan uitoefen. Dit geld ook vir die SAV. 'n Kworum sal bestaan uit minstens 50% plus een van die stemgeregtigdes. Volmagstemme is nie toelaatbaar nie. Alle lede van die Vereniging kan die AJV en aan besprekings deelneem, maar sonder stemreg.

16.7 Indien 'n kworum nie teenwoordig is teen die tyd dat die vergadering moet begin nie, sal die vergadering vir maksimum een uur verdaag. Indien 'n kworum ná een uur steeds nie teenwoordig is nie, sal die vergadering voortgaan.

16.8 Besluite tydens 'n AJV geneem, word binne 30 dae ná die vergadering deur die algemene bestuurder aan alle lede versprei.

17. SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

17.1 'n SAV word belê wanneer 50% plus een stemgeregtigdes daarom vra by wyse van 'n skriftelike versoek aan die algemene bestuurder.

17.2 Die algemene bestuurder stuur die kennisgewing van die SAV en die agenda binne 14 dae nadat die versoek ontvang is, en minstens 30 dae voor die vergadering, aan alle lede van die Vereniging.

17.3 Die Raad kan volgens sy diskresie 'n SAV byeenroep op dieselfde wyse as in 17.2 uiteengesit.

17.4 Indien 'n lid per abuis nie kennis van 'n vergadering ontvang het nie, sal dit nie die geldigheid van die vergadering beïnvloed nie.

17.5 Tydens 'n SAV kan alle stemgeregtigdes 'n stem uitoefen. 'n Kworum sal bestaan uit minstens 50% plus een van die stemgeregtigdes. Alle ERASA-lede kan die SAV bywoon, maar sonder stemreg.

17.6 Indien 'n kworum nie teenwoordig is teen die tyd dat die vergadering moet begin nie, sal die vergadering vir maksimum een uur verdaag. Indien 'n kworum ná een uur steeds nie teenwoordig is nie, sal die vergadering verdaag. 'n Nuwe datum sal binne sewe dae bepaal word; nie later nie as 15 dae vanaf die aanvanklike vergadering en lede teenwoordig sal 'n kworum konstitueer.

17.7 Geen volmagstemme word by SAV's toegelaat nie.

17.8 Stemming geskied by wyse van stembrief tensy die vergadering eenparig anders sou besluit.

17.9 Slegs die saak/sake waarvoor die vergadering belê is, word bespreek.

18. PROVINSIES

18.1 'n Provinsie funksioneer binne die geo-politieke grense van dié provinsie soos bepaal deur die Grondwet van Suid-Afrika. Daar is nie 'n beperking op die aantal klubs wat by 'n provinsie geaffilieer mag wees nie. Die minimum aantal klubs per provinsie is twee.

18.2 Provinsies word deur die klubvoorsitters binne die betrokke provinsie bestuur.

18.3 Tydens die provinsiale vergaderings sal stemgeregtigdes hulle stem kan uitoefen. By gebrek aan gevestigde streke, sal die klubvoorsitters kan stem.

18.4 Die grondwet van 'n provinsie mag nie strydig met die grondwet van ERASA wees nie, en sou daar in hierdie verband 'n dispuut ontstaan, sal die grondwet van ERASA geld. Indien 'n dispuut op enige stadium by interpretasie ontstaan of bestaan tussen die ERASA-grondwet en dié van die SAEF, sal die SAEF-grondwet geld. 'n Afskrif van elke provinsie se grondwet moet by die algemene bestuurder op lêer gehou word.

19. KLUBS

19.1 Klubs word bestuur deur 'n bestuurskomitee wat verantwoordelik is vir die bereiking van die doelstellings van die Vereniging op plaaslike vlak.

19.2 Op klubvlak sal alle lede hulle stemreg kan uitoefen om sodoende 'n mandaat aan die klubvoorsitter te verskaf vir stemming op provinsiale vlak.

19.3 Die grondwet van 'n klub mag nie strydig met óf die grondwet van ERASA óf die SAEF óf die grondwet van die provinsie waarby die klub geaffilieer is, wees nie. Sou daar in hierdie verband 'n dispuut ontstaan, sal die grondwet van die hoër organisasiestruktuur geld. 'n Afskrif van elke klub se grondwet moet by die betrokke provinsiale sekretaris op lêer gehou word.

20. STIGTING VAN NUWE KLUBS

20.1 Nuwe klubs kan gestig word deur tien lede, hetsy persone wat lid is by ander bestaande klubs, of nuwe lede.

20.2 Die stigting van 'n nuwe klub mag nie tot gevolg hê dat 'n bestaande klub kwyn nie.

22.3.1 Waar reëls of proefreëls ingestel en/of verander word in belang van die veiligheid en/of gesondheid van ruiter en/of perd tree dit in werking 14 dae nadat die algemene bestuurder kennis daarvan aan alle lede gegee het.

22.3.2 Alle ander nuwe reëls, proefreëls en reëlwysigings tree in werking 60 dae nadat dit aan alle lede van die Vereniging bekend gemaak is.

22.3.3 Vir beide artikels 22.3.1 en 22.3.2 sal 'n kennisgewing gerig aan alle klubbesture geag word om 'n kennisgewing aan alle lede van die Vereniging te wees.

22.4 Enige lid kan ook nuwe reëls en/of reëlwysigings voorstel. Dit kan gedoen word:

22.4.1 aan die hand van 'n mosie by die AJV wat met 'n meerderheid van stemme deur die stemgeregtigdes aanvaar moet word; en/of

22.4.2 deur die voorgestelde nuwe reël en/of reëlwysiging by die betrokke staande of ad hoc-komitee van die Raad in te dien, wat dit dan (ná bespreking en formulering) vir goedkeuring aan die Raad kan voorlê.

23. GESKILBESLEGTING

23.1 Indien 'n geskil of dispuut voortvloei uit die interpretasie, toepassing of afdwingbaarheid van die bepalings van die grondwet:

23.1.1 Moet al die betrokke partye hul mening op skrif stel en by die algemene bestuurder indien.
23.1.2 Moet dit na die regskomitee verwys word.
23.1.3 Moet beide partye hulle by die bevindinge van die regskomitee neerlê.
23.1.4 Kan beide partye die geskil na die SAEF verwys soos bepaal deur klousule 9.2.6 in sy geheel met onderafdelings (regskomitee).

24. ONTBINDING VAN DIE VERENIGING

24.1 Die Vereniging ontbind wanneer 'n tweederdemeerderheid van die lede op 'n AJV of 'n SAV, spesifiek vir hierdie doel belê, só sou besluit.

24.2 Die algemene bestuurder stel alle lede van die Vereniging skriftelik in kennis van die ontbindingsvergadering minstens 30 dae voor die vergadering.

24.3 Die aanwesiges op die vergadering vorm 'n kworum. Die algemene bestuurder stel die provinsiale en klubsekretarisse van die ontbindingsbesluit in kennis binne sewe dae ná die vergadering.

24.4 Die Vereniging kan slegs ontbind wanneer al sy verpligtinge finansieel en/of andersins ten volle nagekom is teenoor lede, klubs, streke en provinsies, die Raad of enige ander party wat 'n regsgeldige eis teen die Vereniging sou hê.

24.5 Ná ontbinding, en nadat die Vereniging al sy verpligtinge nagekom het, dra die Vereniging al sy oorblywende bates oor aan 'n ander vereniging of instansie sonder winsoogmerk wat soortgelyke doelstellings as die Vereniging het, soos genomineer deur 'n meerderheid van die lede aanwesig tydens die ontbindingsvergadering.

25. WARE WEERGAWE VAN DIE GRONDWET

25.1 Dit is die grondwet van die Uithouritvereniging van Suid-Afrika, en wysigings aan hierdie grondwet is slegs moontlik indien dit ingevolge artikel 21 ingedien en goedgekeur word.

25.2 Die goedgekeurde grondwet word in boekvorm (harde kopie) by die algemene bestuurder gehou.

Goedgekeur deur die AJV van die Uithouritvereniging van Suid-Afrika soos gehou op die 2de dag van Julie 2018, en geteken op hierdie 2de dag van Julie 2018 te Fauresmith namens die Uithouritvereniging van Suid-Afrika.

PRESIDENT

VISEPRESIDENT